

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH KONVOKASIE

Notule van die Jaarvergadering van die Konvokasie op Donderdag 8 November 2012 om 19:00 in die HB Thom-teater, Victoriastraat, Stellenbosch.

1. Konstituering.

Die President, prof. Christo Viljoen, verklaar die vergadering behoorlik gekonstitueer, ooreenkomstig die voorskrifte en prosedures soos uiteengesit in die Statuut.

Daar is 211 lede en 29 besoekers aanwesig.

2. Opening.

Prop Nadia Marais behartig die opening uit Filippense 1:3 – 11.

3. Verwelkoming.

Die President verwelkom die Rektor, lede van die Raad en Senaat en in besonder die Konvokasie se verteenwoordigers op die Raad.

Hy verwelkom ook die spesiale gaste dr. Ivan Meyer en mev. Cecile Kotzé.

Die President verwelkom alle lede van die Konvokasie en hulle metgeselle, en bedank hul vir hul bydrae.

4. Notule van die vorige vergadering 10 November 2011.

Die notule van die vorige vergadering goedgekeur.

5. Toekenning van die oorkonde vir gemeenskapsdiens aan mev Cecile Kotzé.

Die Konvokasie Uitvoerende Komitee vereer 'n lid van die Konvokasie, mev Cecile Kotzé, met die jaarlikse oorkonde vir gemeenskapsdiens. Die oorkonde word met gelukwensing deur die President oorhandig aan mev Kotzé.

In sy commendatio vertel die President van haar werk met die vestiging en bedryf van die Bergzicht-opleidingsentrum op Stellenbosch. Sy het dié sentrum in 1992 op die been gebring omdat sy 'n droom gehad het om die siklus van armoede te breek deur bemagtiging, en om mense nie net op te lei nie, maar hulle ook by te staan om werk te kry.

Mev Kotzé ontvang die toekenning met 'n woord van dank aan die Konvokasie. Mev Kotzé bedank die Konvokasie vir die eer en sê haar werk by Bergzicht was “die lekkerste werk in haar lewe”. Ook dat sy plesier daaruit put om mense te help. “Toe hulle aankom was hulle soos verlepte blomme, maar hulle het by ons weggegaan met hul kop omhoog op pad na 'n werksgeleentheid” het sy gesê. “Wanneer ek iemand raakloop en hulle sê Bergzicht het hulle en hul gesin se lewe verander, slaap ek daardie aand somer baie lekker,” het sy bygevoeg.

6. Geleentheidspreker: **Dr Ivan Meyer.** Die titel van sy voordrag is: **“Kulturele warmte: 'n strategiese padkaart vir die skepping van sosiale kohesie.”**

In sy toespraak moedig Dr Meyer die US aan om op die pad van kulturele warmte te bly. Hy noem dat “kulturele warmte vind inslag wanneer ek terugstaan en ander toelaat om hul kultuur in my spasie in te bring. Etnosentrisme plaas my taal, kultuur en geloof eerste. Die rooi ligte moet flikker wanneer 'n mens fanaties is oor taal, kultuur en geloof.” Ook dat die regering nie die dryfveer hiervan kan wees nie, omdat die burgerlike samelewing beter geposisioneer is om sosiale kohesie te bevorder. Hy noem dat kulturele warmte 'n instrument is van sosiale kohesie.

Dr Meyer sê dat hy soos sy alma mater – die Universiteit Stellenbosch – uitnemendheid wil

nastreef, relevansie wil bevorder en kulturele warmte as padkaart wil gebruik.

Die President bedank vir dr. Meyer en sluit aan by hom deur 'n oorsig te gee oor van watter elemente tydens 'n onlangse dinkskrum van die Konvokasie geïdentifiseer is. Dit sluit o.a. in dat die US 'n wêreldklas-universiteit is wat inklusief Afrikaans is, wat beteken dat die Universiteit die eerste keuse vir Afrikaanssprekendes is, maar tog 'n universiteit is wat meertaligheid gebruik om toegang te maksimeer.

Die President sê dat die universiteit se doel moenie wees om Afrikaans te red nie, maar wel om dit te bevorder.

7. Kort voordrag: Prof Arnold Schoonwinkel (Viserektor: Leer en Onderrig)

Prof. Arnold Schoonwinkel lewer 'n kort voordrag vanuit sy portefeultje as Viserektor: Leer en Onderrig. Prof. Schoonwinkel sê dat die US tans die 2de hoogste modulesukseskoers in die land het (studente wat hul modules slaag) en sy droom is nie net om die hoogste sukseskoers te behaal nie, maar ook om te verseker dat alle studente dieselfde sukseskoers behaal.

Hy wys grafieke wat aantoon dat bruin, swart en Indiër studente gemiddeld nie so goed soos wit studente presteer nie. "En dit het niks te doen met intellektuele vermoëns nie," sê hy.

Hy voeg by dat dit een van die universiteit se doelwitte is om uitnemendheid te versterk deur diversiteit, wat aansluit by Dr Meyer se toespraak.

8. Kort voordrag: Prof Eugene Cloete (Viserektor: Navorsing en Innovasie)

Prof. Eugene Cloete lewer 'n kort voordrag vanuit sy portefeulje as Viserektor: Navorsing en Innovasie. Prof. Cloete noem dat die US Suid-Afrika se voorste navorsingsuniversiteit is, gemeet aan die getal navorsingsuitsette per capita. "Die US staan uit en is bekend vir sy navorsingsuitsette," noem hy.

Volgens hom wil die US hierdie posisie behou en selfs verbeter, wil die US die volhoubaarheid van derdestroominkomste uit kontraknavorsing verseker en wil die US graag 'n nadoktorale genootskapskultuur vestig.

Die navorsingsuitsette word tans deur slegs 25% van die personeel gegeneer en 'n kernprioriteit is om die ander 75% van die personeellede ook aan te moedig om hul navorsing te publiseer.

9. Mededelings deur die Rektor, prof Russel Botman.

Prof. Russel Botman, Rektor en Visekanselier, vertel in sy gebruikelike mededelings aan die Konvokasie wat die US doen om homself te posisioneer as 'n 21ste eeuse universiteit. Hy verwys na die universiteit se Visie 2030 en gee 'n oorsig van die instansie se Kampusmeesterplan, wat fasiliteite en mobiliteit insluit.

10. Mededelings deur die President, prof Christo Viljoen.

11. Verkiesing van lede van die Konvokasie Uitvoerende Komitee.

Die President verduidelik dat daar vakatures op die UK(K) ontstaan, wat in gevolge die Statuut gevul moet word by die jaarvergadering. Verder verduidelik hy die stemproses.

Ds Roelof Nel se termyn as Sekretaris kom tot 'n einde. Prop Nadia Marais bedank as Addisionale Lid van die Uitvoerende Komitee ten einde haarself beskikbaar te stel vir hierdie posisie. Sy word genomineer deur adv. Jan Heunis, met sekondante. Daar is geen verdere nominasies nie en sy word gevolglik eenparig verkies tot Sekretaris vir 'n termyn van vier jaar (2013 – 2016).

Prop Nadia Marais se posisie as Addisionele Lid op die UK(K) word vakant weens haar bedanking as Addisionele Lid en verkiesing as Sekretaris, wat lei tot 'n verkiesing van 'n Addisionele Lid op die UK(K). Ds Roelof Nel word genomineer deur dr. Ernst Marais, met sekondante. Daar is geen verdere nominasies nie en hy word gevolglik eenparig verkies as Addisionele Lid vir 'n termyn van vier jaar (2013 – 2016).

12. Afsluiting.

Die President, Prof Christo Viljoen, sluit die verrigtinge af en bedank al die partye betrokke by die reëlins en uitvoering van die jaarvergadering.

Alle aanwesiges (konvokasieledede en metgeselle) word hartlik genooi vir verversings en gesellige verkeer in die foyer voor die saal onmiddellik na afloop van die vergadering.

Die vergadering eindig om 21:00.

---oOo---

Nadia Marais

SEKRETARIS : KONVOKASIE